Ark Blitz

(les 18) – LEIERS WISSEL – GOD BLY

Maats Lees: Josua 1

Hierdie verhaal speel af by die drumpel van ’n nuwe begin net voordat die volk Israel, na so baie tyd in die woestyn, die beloofde land gaan intrek. Dit is ’n sentrale verhaal in die geskiedenis van Israel, asook God se reddingsgeskiedenis. Die Here roep die ou en nuwe leiers saam om bevele aan hulle te gee. Die Here gee sy laaste opdrag aan Moses. Moses sterf nadat hy die beloofde land gesien het. Josua word opgerig as die nuwe leier om die volk uiteindelik in die beloofde land in te lei.

Josua **beteken ‘Die Here Red’,** iets wat baie betekenisvol was vir ’n volk wat uit Egipte gered is. Jesus se naam beteken dieselfde, en is die Griekse weergawe van Josua. Jesus se naam was heel moontlik oorspronklik ‘Jesua’ uitgespreek deur die mense van sy tyd, maar omdat die Nuwe Testament in Grieks geskryf is, is die Griekse weergawe daarvan gebruik.

Dink

- Dink gou aan Moses en hoe die Here hom deur die Rooi See en deur die woestyn gelei het.
- Dink nou ook aan hoe die Here nou beloof het om ook by Josua te wees.
- Is die Here ook by my? Hoe is die Here by ons?
- Hoe kan ons weet Hy is by ons?
- Dink aan Jesus en dat hy vir sy dissipels gesê het dat, al gaan Hy weg, Hy tog vir altyd by hulle en by ons sal wees (Matt 28:20).

Is dit nie wonderlik om te weet nie? Dit is waarom die Heilige Gees gekom het. Hy is by ons! Waar die Heilige Gees is, daar is Jesus!

Die Heilige Gees kan oral wees, gelyktydig!